# Les 14 GELIEFDE KINDERS: AFGODSDIENS DRAAI ALLES WAT DIE HERE SÊ, NET MOOI ANDERSOM

## 1. Twee heeltemal verskillende beelde

Kom ons lees twee gedeeltes uit die Bybel, dan kyk julle of julle kan sien hoe verskillend hierdie twee gedeeltes is.

Die eerste gedeelte wys vir ons hoe God mense gemaak het*:*

*"[26] Toe het God gesê: "Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip." [27] God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep."* (Genesis 1)

Kyk wat maak die Here! Die Here maak mense! Dit is wie God is. God is die Skepper van mense. Wanneer die Here mense maak, dan noem Hy mense "Sy beeld".

Kom ons kyk weer wat het die Israeliete gemaak terwyl die Here vir Moses die Tien Gebooie op die berg Sinaï gegee het:

*"Toe die volk sien dat Moses talm en nie van die berg af kom nie, het hulle om Aäron saamgedrom en vir hom gesê: "Kom maak vir ons 'n god dat hy ons kan lei...[3] Die hele volk het toe die goue ringe van hulle ore afgehaal en dit vir Aäron gebring. [4] Hy het dit van hulle ontvang, dit verwerk en daarvan 'n beeld in die vorm van 'n bulkalf gemaak. Toe sê die volk: "Hier is jou God wat jou uit Egipte bevry het, Israel!"* Eks. 32

Wat maak die Israeliete? Hulle besluit hulle gaan vir Gód maak. Dan vat hulle goud en maak vir hulle 'n beeld, en dan sê hulle hul beeld is God.

Kan julle sien hoe verskil hierdie twee gedeeltes van die Bybel van mekaar?

In Genesis wys die Here Hy maak mense, en dan is die mens Sy beeld. In Exodus besluit mense hulle maak vir God, en dan is God húlle beeld.

Wat doen die mense by Sinaï? Hulle draai alles wat die Here doen, net mooi andersom. God maak mense, en mense is God se beeld. Maar mense sê: "Nee!" Hulle maak vir God, en God is húlle beeld.

## 2. Die woord "Beeld" wys wie maak vir wie, en wie behoort aan wie

Wanneer jy besluit jy gaan met speelklei iets maak, énigiets, dan maak jy dit soos jý dit wil hê. Net soos wat jy dit wil laat lyk, só vorm jy die klei totdat jy voel, ja, dít is hoe ek dit wil maak en laat lyk.

Dit wat jy uit klei maak, noem jy "jou beeld". As jy 'n perd, of 'n hond of 'n papegaai gemaak het uit klei, dan het jy 'n beeld gemaak van 'n hond, 'n perd of 'n papegaai.

As jy nou sê: "Hierdie is my beeld", wil jy graag hê mense moet dink jy lyk soos 'n perd of 'n hond of 'n papegaai? Of wil jy graag hê hulle moet sien wat jy gemaak het? Ons wil graag hê hulle moet sien hoe mooi lyk die beeld van 'n perd of papegaai. Ons wil hê hulle moet sien hoe goed het ons dit uit klei gemaak.

Ons wil nooit hê mense moet dink ons lyk soos die beeld wat ons gemaak het nie!

Wanneer God in die Bybel sê ons is Sy beeld, wat wys die Here? Wys Hy dat ons soos Hy lyk, of wys Hy dat Hy ons gemaak het soos Hý ons as mense wou laat lyk het? God wys dat Hy ons laat lyk soos Hy besluit het mense moet lyk. Hy wys nooit dat ons soos God lyk nie. Ons kan nie soos God lyk nie. God is onsigbaar, almagtig en altyd orals. Ons kan nooit só lyk nie.

"Beeld van God" beteken God het besluit ons moet mense wees, en toe maak Hy ons, net soos ons iets uit klei kan maak, uit die water, energie en grond van hierdie aarde.

As God ons gemaak het, aan wie behoort ons? As God ons gemaak het, behoort ons aan Hom!

Dit is wat hierdie woord "beeld van God" in die Bybel beteken: die Here het besluit hoe Hy mense wil laat lyk, en toe maak Hy mense volgens Sy plan. Nou behoort alle mense wat Hy gemaak het, aan Hom. Ons is die Here se beelde: ons lyk soos wat God beplan het ons as mense moet lyk, en ons behoort aan Hom.

**3. Mense draai alles net mooi andersom**

Wat maak die Israeliete daar by die berg Sinaï? Hulle vat goud van die aarde, wat die Here gemaak het. Hulle besluit hoe wil hulle hê God moet lyk, en dan maak hulle God soos húlle Hom wil laat lyk.

As hulle klaar daardie bulkalfie gemaak het, noem hulle hom "God". Kyk hoe werk dit nou! Hulle het hulle god gemaak. Aan wie behoort hierdie god nou? Nou behoort God aan hulle.

Hulle maak God soos húlle Hom wil laat lyk, en dan is God hulle s'n. Dit is net mooi andersom as wat dit regtig werk: die Hére maak ons soos Hy ons wil hê, en dan behoort ons aan Hóm!

Die Bybel het ’n naam vir hierdie manier waarop mense alles wat die Here doen en sê, net mooi andersom draai. Die naam vir hierdie omdraai van alles wat die Here doen en sê – is ‘afgodsdiens’. Hoekom word dit ‘afgodsdiens’ genoem? Want dit werk só: Die Here het die Israeliete uit Egipte gelei sodat hulle Hom volgens Sy wet kan dien. Maar dit is nie hoe die Israeliete dit wil hê nie. Hulle wil hê God moet húlle dien. As hulle iets wil hê, dan moet God dit dadelik vir hulle doen, en gee. Hulle draai alles om! Ons moet die Here dien. Maar hulle maak asof God húlle moet dien.

Kan julle sien hoe verskil godsdiens en afgodsdiens van mekaar?

Die Here maak mense soos Hý hulle wil hê. Die Here maak mense om Hóm te dien. Mense behoort aan die Hére.

Wat maak mense? Hulle draai dit om: hulle wil God maak, maak asof God húlle s’n is, en asof God húlle moet dien. Hulle draai altyd alles andersom!

**4. Hulle gaan alles wat die Here sê oor mense, omdraai**

As mense maak asof hulle God maak en God aan hulle behoort, gaan hulle alles omdraai. Alles wat die Here sê hoe mense mekaar moet liefhê, gaan hulle omdraai. Net soos wat hulle die beeld van die Here omdraai, net so gaan hulle elke ding wat die Here sê oor mense, ook omdraai.

Dit is hoekom hulle dan so met mekaar tekere gaan terwyl hulle maak asof hulle die Here aanbid by hulle beeld. Want alles wat die Here sê, draai hulle heeltemal onderstebo.

Dit is hoekom hulle nie wil glo die Here maak hulle soos Hy hulle wil hê, en dat mense aan Hom behoort nie. Want dan moet hulle mense liefhê soos die Here sê.

Maar as hulle alles omdraai en sê hulle maak God soos húlle Hom wil hê, dan kan hulle alles wat die Here oor mense sê, ook omdraai.

Dit is wat ons nou vir die res van die jaar na gaan kyk: hoe sê die Here moet ons mense liefhê, en hoe draai mense dit alles net mooi onderstebo.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

__________________________________

Handtekening: ouer of voog